GERBER & LOUW (Pty) Ltd

FINANCIAL SERVICE PROVIDER
FSB Licence: 2423

Desember 2010

Kortlikse terugvoer oor die jaar se aktiwiteite by GERBER & LOUW, asook sekere administratiewe reëlings.

1. ALGEMENE TERUGVOER EN ADMINISTRATIEWE REëLINGS;

Ons het voorwaar 'n besig jaar by GERBER & LOUW beleef en die laaste paar weke was dit asof die tempo nog verder aangedraai is! In die algemeen het ons 'n goeie jaar gehad, - in terme van beleggings opbrengste, asook in die groei van portefeuljes waarop ons as adviseurs aangestel is.

Ons webwerf het ook heelwat aftrek gekry, en aan ons bestaande sowel as voornemende kliënte vinniger direkte toegang verleen tot "aanlyn" inligting oor ons maatskappy en dienste. Sedert Januarie 2010 is Gunter Schumann voltyds in die kantoor as Besigheids-Assistant. In 2009 was hy net deeltyds in die kantoor werksaam. Gunter hanteer heelwat funksies wat in die verlede my aandag opgeneem het, - en nie direk met beleggings-advies te doen het nie. (Boekhouding, SARS, FSB, praktyk bestuur, ens). Hy is besig met sy studies vir B. Com Regte en beplan om daarna as CFP® te kwalifiseer.

Erna Robbertse, ons kollega Adviseur, het ook die afgelope jaar verhuis na ons omgewing vanaf Pretoria. Beide van ons reis egter steeds gereeld na Pretoria ten einde ons kliënte daar te diens. Ons grootste hoeveelheid kliënte is steeds in Gauteng, maar die getal Wes-Kaapse kliënte groei redelik sterk!

Die afgelope jaar was redelik veeleisend in terme van die verhoogde vereistes wat vanaf SARS (oudit, ens) en die FSB gestel is. Dit neem heelwat van ons tyd op en is redelik teen-produktief. Verder is daar beslis 'n groter werklas t.o.v. administrasie ondervind. Nie alleen word alle rolspelers in ons bedryf onder enorme regulatoriese druk geplaas nie, maar daar is ook vrae oor van die maatskappye se vermoëns as dit by die administrasie van dokumentasie kom.

Ons het verskeie seminare, konferensies, vergaderings, ens., van fonds bestuurders en ander rol spelers bygewoon. Laasgenoemde was werklik van waarde aangesien dit markte, die ekonomie, nuwe regulasies, wetgewing, werkswyses, ens., hanteer het.

Tussen al die aktiwiteite deur is dit krities dat ons deurgaans fokus op ons primêre taak, nl. - om ons kliënte na die beste van ons vermoëns te diens en adviseer. In die lig hiervan het ons ook beleid neergelê om advies of inligting aan prospektiewe nuwe kliënte, (wat nog geen fooie betaal nie), tot die minimum te beperk. 'n "Tipiese" basiese aanvanklike beleggings-voorstel, kan tot 5 ure se werk noodsaak. (Sonder reistyd). Sodanige "gratis" advies neem in wese, tyd op wat ons aan "betalende" kliënte verskuldig is. Bestaande kliënte se transaksies, portefeulje evaluasies, nagaan van fonds en maatskappy prestasies, sowel as die bestudering van markinligting is prioriteit take. Ons het derhalwe

E-mail: financial@gerberlouw.co.za
Tel : 082 8812892 / 028 272 9918
Fax: 086 6195 809
Director: JC Louw
PO Box 824 ; KLEINMOND; 7195
REGISTERED HEAD OFFICE : 3870 Chironia cl
Betties Bay
GERBER & LOUW (PTY) LTD 2001/026033/07

nou fooi skale ter sprake vir hierdie "prospektiewe" nuwe kliënte, wat nog nie seker is of hul wel van ons dienste gebruik wil maak, of nie. Kommunikasies

1. Kommunikasies: Ons wil graag ons kliënte versoek om, indien moontlik, kommunikasies met ons kantoor, via antwoordmasjien boodskappe, e-pos, faks of gewone pos op te volg as sodanige kommunikasie **nie** terugvoer vanaf ons kantoor lewer binne 'n redelike tydperk nie.
(bv. 3 werksdae of meer). Veral as die kommunikasie dringend is. Normaalweg reageer ons binne 24 uur op alle kommunikasies, tensy ons anders laat weet het. In baie besige tye, kan die reaksie tyd dalk tot 3 dae strek, maar nie sommer langer nie. - Ons kommunikasie netwerke kan soms ook faal. Krag onderbrekings, rekenaar / netwerk probleme, hoë volume e-pos, ens. - bring van tyd tot tyd mee dat 'n faks, boodskap, ens, velore gaan. Natuurlik poog ons werklik dat so iets nie gebeur nie. Tog sal ons graag wil versoek dat waar u onseker begin raak of ons wel aandag aan u kommunikasie gee, u dalk net 'n opvolg kommunikasie stuur.

2. Portefeulje evaluasies: Ad hoc terugvoering oor portefeulje evaluasies word nie noodwendig oor spesifieke termyne of oor vaste periodes gedoen nie. Verskeie mark- en praktyk faktore speel 'n rol by die lewering van ad hoc terugvoere oor portefeuljes. Beleggers is egter welkom om ter enige tyd terugvoer te versoek oor enige periode van toepassing. Hou in gedagte dat fonds prestasies en portefeulje waardes na gelang van mark bewegings, daagliks deur ons evalueer word.

3. Kliente besoeke / afsprake: Hoewel moderne kommunikasie-teglogie ons in staat stel om meeste transaksies, evaluasies, ens te hanteer, sonder om fisies ons kliënte te besoek, wil ek net weereens daarop klem lê dat u welkom is om ter enige tyd 'n persoonlike afspraak by u woning (of werk), te versoek. By sekere transaksies verkies ek in elk geval om persoonlik 'n kliënt te besoek as dit enigsins moontlik is. (Aftree-beplannings, ens.)

Indien u enige vrae het, kontak gerus ons kantoor.

Groete,

Kobus Louw, CFP® SEL: 082 881 2892

Finansiële en Beleggings Adviseur
CFP® (FPI lisensie nr : 9601732)
TEL: 028 272 9918
FAKS : 086 6195 809
E.Pos : kobuslouw@gerberlouw.co.za

Website: www.gerberenlouw.co.za / www.gerberlouw.co.za